



Gereformeerde Skool Dirk Postma

GSDP vinnige feite:

- Kwaliteit onderrig met Gereformeerde karakter
- Graad RRR - graad 12
- 3 Aparte skole, maar deel van een familie
- 392 Leerlinge
- 41 Klaskamers
- 100% Matriek slaagsyfer vir 21 jaar
- Onafhanklike skool
- Afrikaans medium

IN HIERDIE NUUSBRIEF

| | |
|-----------------------------|---|
| Hoekom Dirk Postma? | 2 |
| Ons Karakter | 2 |
| Ons Skoolwapen | 2 |
| Ons Leuse | 3 |
| 'n Lang en mooi geskiedenis | 3 |
| Wie was Dirk Postma? | 3 |
| Kontak ons | 4 |
| 'n Paar fotos | 4 |

INSKRYWINGS OOP VIR 2021

Liewe broers en susters, ons sou graag ons skool aan u wou bekendstel by wyse van 'n opedag, maar ongelukkig laat huidige omstandighede dit nie toe nie - vandaar hierdie nuusbrief!

Die Gereformeerde Skool Dirk Postma (GSDP) is 'n skool vanuit ons as ouers, vir ons kinders, gewortel in reformatoriese onderwys. GSDP se grondslag is die Heilige Skrif, soos bely in die Drie Formuliere van Eenheid. GSDP bestaan tans uit 'n kleuter-, laer- en hoërskool, met ongeveer 400 leerlinge. Die skool is geleë in Waverley, Pretoria.

Ons nooi u graag uit om u kinders vir die 2021 akademiese jaar in te skryf.

U kan die elektroniese aansoekvorm by onderstaande webskakel aflaai: <https://www.gsdp.co.za/ons-skool/aansoek>

Besoek gerus ook ons

Rustigheid in die COVID-19 storm

GSDP het voorgeloop met die ontginning van aanlyn-onderrig en sodoende gesorg dat die leerlinge op datum is met die inhoud van die kurrikulum.

Die hoofde en onderwysers het voorgevat, en stelsels in plek gesit om seker te maak dat die akademiese program kan voortgaan. Intussen is 'n COVID-



Laerskool - afkondigings en opening in die vierkant

webtuiste www.gsdp.co.za, om meer van die skool te wete te kom.

GSDP bied Gr RRR tot Graad 12 aan. Die skool het 'n span toegewyde, roepingsgedrewe en vriendelike leerkragte.

Die hoër-, laer- en kleuterskole is afsonderlik, maar steeds deel van dieselfde familie. Die laerskool bestaan al sedert 1987, en

die hoërskool het in 1998 begin.

GSDP behaal nog altyd 'n 100% matriek slaagsyfer. Dit word toegeskryf aan die groot genade van God wat toegewyde ouers en leerlinge laat aanmeld, asook roepingsgedrewe onderwysers wat uitnemende onderrig bied, voorsien.

Soli Deo Gloria!

ten spyte daarvan dat die akademiese jaar vir openbare skole weereens deur herhaaldelike veranderinge ontwrig is.

GSDP maak gebruik van die Waterstroomreeks wat 'n verrykte, God-geïntegreerde reformatoriese kurrikulum, gebaseer op die KABV is.

19 taakspan op die been gebring, en al die nodige voorsorgmaatreëls is getref sodat leerlinge weer vanaf 1 Junie fisies by die skool kon wees. Die graad 12's en graad 7's was die eerste groepe wie se stemme en gelag weer op die stoepe gehoor is, en ander grade het stelselmatig infaseer. Tans gaan klasse ongestoord voort,

Hoekom Dirk Postma?

- Christelike grondslag en karakter, gebaseer op die Woord van God en Drie Formuliere van Eenheid.
- Bybel en Kerkgeskiedenis as vakke.
- Psalms word weekliks aangeleer.
- Hoë akademiese standaard.
- Moderne tegnologie.
- Gesonde opvoedingsmilieu.
- Gebalanseerde ontwikkeling.
- Lid van Instituut vir Christelike Onderwys (voorheen Arso).
- Bestaan reeds meer as 30 jaar.
- **Sport - Laerskool:** atletiek, netbal, rugby, krieket, mini-krieket, mini-hokkie, tennis, skaak, bergfiets.
- **Sport - Hoërskool:** atletiek, netbal, rugby, krieket, bergfiets, sagtebal.
- **Kultuur:** debat, koerant kultuuraande, inkleurklub, fotografie, redenaars, kunstefeeste en ander ter ondersteuning van die skool se karakter.



- **Uitstappies, veldskool, Graad 10 toer, leierskapontwikkeling, geskiedenis-toer, uitrailprogram met Nederlandse leerlinge.**

Ons Karakter

“GSDP bied alle vakke vanuit Bybelse beginsels en norme aan”

- Om te soek na die wil van die Here is prioriteit.
- Daar moet eenheid wees tussen wat leerlinge by GSDP, die huis en in die kerk leer.
- GSDP bied alle vakke aan vanuit Bybelse beginsels en norme.
- Verskillende lewensbeskouings word aan die hand van die Skrif bespreek en beoordeel.
- GSDP streef na 'n onspanne, maar ordelike atmosfeer, waar ons mekaar vertrou.
- Ouers is betrokke, opvoeding is primêr steeds hul verantwoordelikheid.
- Deurlopende proses van besinning om die onderrig voortdurend te verbeter en aan te pas by die eise van die tyd.

Ons Skoolwapen

“En hy sal wees soos ‘n boom is by waterstrome wat sy vrugte gee op sy tyd...’

Psalm 1

Die boom langs die waterstroom verwys na Psalm 1.

Die boom is die gelowige, en die waterstroom is die Woord van God.

Die waterstroom voed die boom – so voed die Woord van God die gelowige.

Die Woord van God en die Heilige Gees voed GSDP.



Ons Leuse

*“Wees sterk en vol
moed”*

Josua1: 6

Die Here verwag van ons om sterk en vol moed op te tree binne die verbond met die Here.

Leerlinge in GSDP is aan hulle ouers toevertrou om hulle volgens Sy wil op te voed.

Met die doopbelofte het die ouers beloof om hul kinders te onderrig en te laat onderrig.



‘n Lang en mooi geskiedenis

Deur Rob van der Kooy (snr)

In Nederland het Gereformeerde ouers meer as ‘n eeu lank geveg vir die reg om hul eie skool op te rig. En toe van hulle in die vorige eeu se jare vyftig en sestig na Suid Afrika kom, het hulle dieselfde oortuiging gehad: ‘n voluit Gereformeerde skool vir Gereformeerde kinders.

Hulle het dadelik begin met ‘n eie Saterdagsskool en in 1964 is ‘n dagskool opgerig, kompleet met baie opofferings en ook teenkating van owerheidsweë. Dit was die Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn met ‘n skooltjie in 14de laan.

In 1969 was daar ‘n kerk-skeuring en kort daarna twee skoolverenigings met die stig-

ting van die Gereformeerde Skoolvereniging Dirk Postma. Eers weer deelydse klasse... weer opofferings en moeites.

En toe die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar sy nuwe gebou in Waverley betrek, was daar ook ‘n aantal klaskamers vir ‘n eie skool wat in 1986 ‘n voltydse skool word. Net 42 kinders en drie onderwysers.

Dirk Postma was bedoel vir kinders vanuit ál die Gereformeerde en later ook die Vrye Gereformeerde kerke.

In die begin het Dirk Postma stadig gegroei vanuit die Gereformeerde Kerk maar geleidelik het die getalle begin toeneem. By die laerskool het ‘n

kleuterskool gekom en later ook ‘n hoërskool. Vandag ‘n gekombineerde skool met sowat 400 leerlinge.

Die Here het dit moontlik gemaak en steeds geseën. Hy sal dit bly doen solank die skool sy Gereformeerde karakter behou - volgens sy wil.

Dit was nie die einde nie. Die skoolbestuur het begin wonder waar om Gereformeerde onderwysers te kry. Dus is AROS opgerig wat vandag meer as 1200 onderwysstudente mag oplei. Dit alles getuig van God se genade.

Mag dit so bly!

**“ ‘n voluit
Gereformeerde skool vir
Gereformeerde kinders”**

Wie was Dirk Postma?

Ds. Dirk Postma (1818-1890), na wie ons skool vernoem is, se beginsels vir onderwys was: “Positief, Christelik, Gereformeerd.”

Hy was die eerste predikant in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en stigter en eerste hoogleraar van die Kerk se teologiese skool op Burgersdorp in die Noordoos-Kaap, die voorloper van die

Teologiese Skool en universiteit in Potchefstroom

Hy (ds. Postma) het gewaarsku “want verkeerd onderrig en slechte voorbeelden zij voor de zielen uwer kinderen meer te schuwen dan vergiftige slangen voor hunne lichamen.”



GSDP - kontak ons

Telefoon: 012 332 3222
E-pos-adres: gscp@gscp.org.za
Webtuiste: www.gscp.co.za

Posbus 31120
Totiusdal
0134

Kleuterskool / Laerskool
gscp@gscp.org.za
Cunninghamlaan 1182
Waverley
0186

Hoërskool
hsadmin@gscp.org.za
Dickensonlaan 1174
Waverley
0186



Ons LEGO laerskoolhoof ontvang leerlinge in die aflaai-area op temadag Vrydag 21 Julie



Matriek leerlinge - laaste skooldag klokseremonie



Bak-en-bron



GSDP fietsryer in aksie



Fluisterfone help met lees

